

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Datum verhoor: 2005-09-22
Datum gelewer: 2005-09-23

Saakno: CA&R 67\04

In die appél van:

JONATHAN DE WET

APPELLANT

versus

DIE STAAT

RESPONDENT

Coram: MAJIEDT R et LACOCK R

BEVEL

MAJIEDT R:

1. Die appellant se skuldigbevindings op aanklag 2 (oortreding van artikel 2 van Wet 75/1969) en aanklag 5 (oortreding van artikel 39(1)(m) van Wet 75/1969) word tersydegestel.
2. Die vonnis van 5 jaar gevangenisstraf die appellant opgelê op aanklag 4 word tersydegestel en vervang met die volgende:

“5 jaar gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort word vir ‘n tydperk van 4 jaar op voorwaarde dat die appellant nie weer skuldig bevind word aan ‘n misdryf waarvan geweld teenoor ‘n ander ‘n element is en waarvoor hy onopgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete opgelê word nie en wat gepleeg word tydens die vermelde tydperk van opskorting nie”.

3. Die vonnis op aanklag 4 word teruggedateer tot 26 Februarie 2003.
4. Dit word verder gelas dat die vonnis die appellant opgelê op aanklag 3 samelopend uitgedien sal word met die voormelde vonnis op aanklag 4.
5. Die Griffier van hierdie Hof en Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings word versoek om onverwyld hierdie bevel onder die aandag te bring van die gevangenisowerheid waar die appellant tans aangehou word.

SA MAJIEDT

REGTER

Ek stem saam:

**HJ LACOCK
REGTER**

NAMENS APPELLANT : Mnr. A. van Tonder
NAMENS RESPONDENT : Adv. TT Barnard

Verslagwaardig: Ja / Nee Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Datum verhoor: 2005-09-22
Datum ingehandig: 2005-09-29

Saakno: CA&R 67\04

In die appél van:

JONATHAN DE WET

APPELLANT

versus

DIE STAAT

RESPONDENT

Coram: MAJIEDT R et LACOCK R

UITSPRAAK OP APPÉL : JONATHAN DE WET v STAAT
Saak nr. : CA 7 R 67\04
MAJIEDT R, LACOCK R

REDES VIR BEVEL

MAJIEDT R:

1. In hierdie appél het ons op 23 September 2005 die volgende bevel uitgereik:
6. Die appellant se skuldigbevindings op aanklag 2 (oortreding van artikel 2 van Wet 75/1969) en aanklag 5 (oortreding van artikel 39(1)(m) van Wet 75/1969) word tersydegestel.
7. Die vonnis van 5 jaar gevangenisstraf die appellant opgelê op aanklag 4 word tersydegestel en vervang met die volgende:

“5 jaar gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort word vir ‘n tydperk van 4 jaar op voorwaarde dat die appellant nie weer skuldig bevind word aan ‘n misdryf waarvan geweld teenoor ‘n ander ‘n element is en waarvoor hy onopgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete opgelê word nie en wat gepleeg word tydens die vermelde tydperk van opskorting nie”.

- h. Die vonnis op aanklag 4 word teruggedateer tot 26 Februarie 2003.
- i. Dit word verder gelas dat die vonnis die appellant opgelê op aanklag 3 samelopend uitgedien sal word met die voormelde vonnis op aanklag 4.
- j. Die Griffier van hierdie Hof en Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings word versoek om onverwyld hierdie bevel onder die aandag te bring van die gevangenisowerheid waar die appellant tans

aangehou word.

Hierdie is die voorbehoue redes vir daardie bevel.

2. Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die appellant se skuldigbevindings en vonnisse in hierdie aangeleentheid kan nie anders bestempel word nie as 'n absolute tragedie. Die appellant is in die streekhof skuldig bevind op die volgende aanklagte:

- a) Oortreding van artikel 2 van Wet 75/1969 (onwettige besit van 'n wapen);
- b) Oortreding van artikel 36 van Wet 75/1969 (onwettige besit van ammunisie);
- c) Moord;
- d) Oortreding van artikel 39(1)(m) van Wet 75/1969 (hantering van 'n wapen terwyl onder die invloed van drank of 'n verdowingsmiddel wat 'n narkotiese uitwerking het).

Hy is vervolgens as volg gevonniss op die voormelde onderskeie aanklagte:

- a) 18 maande gevangenisstraf;

- b) 6 maande gevangenisstraf;
- c) 5 jaar gevangenisstraf;
- d) 6 maande gevangenisstraf.

3. Volledigheidshalwe moet vermeld word dat die appellant op aanklag 1, huisbraak met die opset om te steel en diefstal, onskuldig bevind is. Die verhoorhof het gelas dat die vonnis vermeld in (b) hierbo saamloop met dié vermeld in (a) en dat die vonnis in (d) hierbo saamloop met dié op (c) hierbo. Die appellant is dus 'n effektiewe vonnis van 6½ jaar gevangenisstraf opgelê. Hy kom nou in hoër beroep slegs teen sy skuldigbevinding op die aanklag van moord.

1. Feitlik al die wesenlike feite hierin is gemeensaak en kan kortliks as volg opgesom word:

3.1 Tydens 'n inbraak by die slagpale te Victoria-Wes is verskeie items gesteel. Van belang vir die onderhawige appél is die feit dat, wat beskryf word in die klagstaat as 'n .22 loskruit kaliber pistool, sowel as ses .22 leë patroondoppies en een salfblik met drie .22 patrone, onder andere buitgemaak is deur die inbrekers.

3.2 Van hierdie voormelde gesteelde items is later in die besit van die oorledene en appellant opgemerk. Dit is eweneens van belang om uit te wys dat die .22-pistool sowel as 'n sogenaamde *skokstok* en van die .22-patrone later in die besit van die oorledene en die appellant opgemerk is. Ek sal aanstons weer daarna verwys.

3.3 Op die dag van die voorval was die appellant, die oorledene en hulle twee se meisievriende teenwoordig by die oorledene se huis. Die appellant het op 'n stadium sy meisie, Elizabeth Jood, met die *skokstok* gejaag as deel van 'n tergerie wat daar aan die gang was. Dit blyk uit die getuienis dat beide die appellant en die oorledene op daardie stadium tot 'n mate onder die invloed van drank was.

3.4 Die oorledene het op 'n stadium die .22-loskruitpistool wat bewysstuk 2 voor die verhoorhof was, tevoorskyn gebring. Die sneller van dié pistool is verskeie kere getrek deur beide die appellant en die oorledene met die doel om te kyk of die pistool wel in werkende toestand was. Só is die pistool ondermeer gerig op 'n sogenaamde *kragboks*, op die appellant se bors, sy voet en op sy boud sowel as op die appellant se meisie (Elizabeth Jood) se boud. Die sneller is telkens getrek, maar daar het niks gebeur nie. Dit blyk dat dié .22-loskruit pistool gebruik word om beeste mee dood te skiet.

2.5 Op 'n stadium het die oorledene die .22-pistool by die appellant geneem, dit teen sy (die oorledene se) kop gedruk en vir die appellant aangesê om die sneller te trek, sodat hulle vir die twee meisies kon wys dat die pistool "*nie 'n mens óf 'n bees kan doodskiet nie*", soos wat die oorledene dit gestel het. Die appellant was aanvanklik huiwerig en het twee keer vir die oorledene gevra of hy regtig bedoel dat hy die sneller moet trek. Nadat die oorledene vir die tweede keer bevestig het dat hy wil hê die appellant die sneller moet trek, het die appellant so gedoen en het die oorledene dadelik van die stoel waarop hy gesit het, neergeval.

2.6 Alhoewel daar aanvanklik gedink was dat die oorledene bloot toneel speel, het verdere ondersoek laat blyk dat die oorledene inteendeel fataal verwond is deurdat die pen wat in die .22-pistool is, sy

brein binnegedring het – daar was bloed en harsings op die grond.

2.7 Die appellant het uit die aard van die saak baie groot geskrik, opgespring en hom na die oorledene gehaas, waar hy hom in sy arms gehou het en die woorde geuiter het dat “hy dit nie so bedoel het nie”. Die appellant het daarna na sy moeder gehardloop om te gaan vertel wat gebeur het.

2. Die enigste wesenlike geskilpunt tussen die Staat en die Verdediging in die verrigtinge *a quo* het eintlik maar gegaan oor die skuld-aspek wat aanwesig was by die appellant toe hy die sneller getrek het en die oorledene fataal verwond het. Namens die appellant het Mnr. Van Tonder voor ons tereg toegegee dat die landdros korrek was in sy bevinding dat die appellant opset by moontlikheidsbewussyn gehad het – hy het besef dat die oorledene wel gedood kon word, maar het tog voortgegaan met sy optrede, ongeag wat die gevolge daarvan mag wees. In die omstandighede dus het Mnr. Van Tonder toegegee dat die streeklanddros korrek bevind het dat die appellant skuldig is aan moord met *dolus eventualis* as opsetsvorm.

Dat die voormelde toegewings van Mnr. Van Tonder regtens korrek is, ly geen twyfel nie. In dié verband volstaan ek daarmee om te verwys na die volledige bespreking deur **Snyman**, *Strafreg*, 4de

uitgawe, te 179 en verder sowel as

Burchell and Hunt, *South African Criminal Law & Procedure, Vol. I* te 156 en volgende.

Op die appellant se eie weergawe het hy beslis voorsien dat die oorledene gedood kon word indien hy die sneller sou trek, maar het tog roekeloos voortgegaan met die optrede. Dit blyk duidelik uit sy kruisverhoor waarin hy toegegee het dat hy geweet het dat die wapen gebruik word om beeste mee dood te skiet en dat hy huiwerig was om die sneller te trek omdat hy voorsien het dat die oorledene gedood kon word.

3. Bygevolg was ons tevrede dat daar geen meriete was in die appél teen skuldigbevinding op die aanklag van moord nie.
4. Die aangeleentheid eindig egter nie daar nie. Alhoewel geen appél aangeteken was teen die skuldigbevindings op die ander aanklagte nie, sowel as teen die vonnis self nie, het ons na oorlegpleging met mekaar, die regsverteenvoerders versoek om ons toe te spreek aangaande die volgende aspekte:
 - a) Of die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die voorwerp, bewysstuk 2 voor die verhoorhof, wel 'n vuurwapen is soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Beheer van Vuur-

wapens, 60/2000 (*“die Wet”*).

b) Of die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die .22-loskruitpatrone wat in die appellant se besit gevind is, wel ammunisie is soos bedoel in artikel 1 van die Wet.

c) Of die opgelegde vonnisse regtens in orde is, m.a.w. of die vonnis op aanklag 4 (moord) sowel as wat die kumulatiewe effek van al die vonnisse aanbetref, nie skokkend onvanpas is nie.

5. Namens die Staat het Mnr. Barnard in sy aanvullende betoogshoofde in reaksie op die voormelde versoek toegegee dat die skuldigbevindings op aanklagte 2 en 5 regtens onhoudbaar is en tersyde gestel behoort te word. Aanklagte 2 en 5 is die aanklagte na verwys in paragraaf 2(a) en (d) onderskeidelik hierbo.

8.1 In die klagstaat word die wapen wat die appellant na bewering wederregtelik sou besit het ter oortreding van die bepalings vervat in artikel 2 van Wet 75/1969 (aanklag 2) as volg beskryf:

“1 x .22 loskruit kaliber Acclese Schelvoke model ‘Cash Special’ pistool met reeksnr. 14662.”

8.2 ‘n Staatsgetuie, Mnr. Warriors wat werksaam was by die Victoria-Wes slagpale, het getuig dat bewysstuk 2 voor die hof, gebruik was om beeste mee te skiet. ‘n Ander staatsgetuie, Kaptein Proneuris van die SAPD se Ballistieke Eenheid, het as vuurwapen

deskundige getuig. Hy het bewysstuk 2 getoets en gevind dat dit in werkende toestand is. Hy het egter ook ruitelik erken dat dit die eerste keer in sy loopbaan was dat hy só 'n tipe toestel ondersoek het. Hy het verduidelik hoe dié toestel werk – dit kom kortliks maar daarop neer dat die slagdoppie binne die toestel 'n pen laat uitskiet wanneer die sneller getrek word. Die pen trek dan outomaties terug nadat dit afgevuur is. Hy het ook getuig dat sy navrae laat blyk het dat dié toestel in Engels bekend staan as 'n “*captive bold (sic) pistol*” en grootliks aangewend word by slagpale vir die doodskiet van beeste.

8.3 Nóg die verhoorlanddros, nóg die aanklaer tydens die verhoor, nóg die prokureur wat namens die appellant daar opgetree het, het besef dat die woordomskrywing van “vuurwapen” in artikel 1 en die bepalings van artikel 5 van die Wet alreeds in werking was toe die beweerde misdrywe *in casu* gepleeg is. Dié woordomskrywing en artikel 5 se bepalings het naamlik op **1 Junie 2001** in werking getree. Die misdrywe in die onderhawige geval is na bewering gepleeg op **15 September 2001**.

8.4 Vanaf 1 Junie 2001 dus moet die begrip “wapen” soos na verwys in aanklagte 2 en 5 in die klagstaat, uitgelê word as 'n “*vuurwapen*” soos wat dit nou volledig gedefinieer word in die Wet. Wet 75 van 1969 het nie 'n omskrywing van die woord “*vuurwapen*” bevat nie en het 'n “*wapen*” bloot omskryf as enige “*vuurwapen*” (met sekere uitsonderings en uitsluitings).

Sien in dié verband: **S v Williams** 2005(2) SASV 290 (K) te 294 e-g (par. 12).

8.5 Van groter belang verder is die feit dat artikel 5 van die Wet bepaalde toestelle uitsluit as vuurwapens by toepassing van die Wet. Artikel 5(1)(d) bepaal as volg:

“(1) Die volgende toestelle is by die toepassing van hierdie Wet nie vuurwapens nie:

.....

(d) enige kabelpengeweer verwaardig vir gebruik in ‘n abattoir vir die sagslagting van diere”.

Die Engelse teks van artikel 5(1)(d) lees:

“(d) any captive bolt gun manufactured for use in an abattoir in the humane killing of animals”

Die toestel in die onderhawige geval val vierkantig binne die bepalings vervat in artikel 5(1)(d), veral as Kaptein Proneuris se getuienis in gedagte gehou word (sien par. 8.2 hierbo).

Bygevolg is die toestel nie ‘n vuurwapen soos bedoel in die Wet nie en moet die skuldigbevinding en vonnis op aanklag 2 tersyde gestel word.

1. Die skuldigbevinding op aanklag 5 is onlosmaaklik gekoppel aan die skuldigbevinding op aanklag 2 en moet, vir die redes voormeld, met dieselfde lot getref word as laasgenoemde.

2. Die .22 loskruitpatrone wat in die appellant se besit gevind is, kwalifiseer egter wel as “*ammunisie*” soos in die Wet omskryf, naamlik: “*ammunisie: ‘n slagdop of ‘n volledige patroon.*” Ook hierdie omskrywing het op 1 Junie 2001 in werking getree. Kaptein Proneuris het getuig dat die betrokke patrone wel oor ‘n slagdop beskik. Gevolglik was die skuldigbevinding op aanklag 3 dus in orde.
3. Opsommenderwys dus: die skuldigbevindings en vonnisse op aanklagte 2 en 5 is tersydegestel, terwyl dié op aanklagte 3 en 4 regtens in orde is. Ek behandel nou vervolgens die vonnisse op aanklagte 3 en 4.

11.1 Die appellant was 24 jaar oud ten tyde van vonnisoplegging. Hy was ongetroud met een afhanklike en het standerd agt op skool geslaag. Hy is ook liggaamlik gedeeltelik gestremd tot die mate dat sy linkerarm en –hand onderontwikkeld is. Hy sukkel gevolglik om ‘n werk te bekom. Die appellant het verder twee tersaaklike vorige veroordelings gehad, te wete aanranding met die opset om ernstig te beseer van Mei 2000 waarvoor hy 12 maande gevangenisstraf wat ten volle opgeskort was, opgelê is sowel as aanranding in Mei 2001 waarvoor hy ‘n boete van R50 of vyftig dae gevangenisstraf opgelê is.

11.2 Die verhoorlanddros het in sy vonnisuitspraak vermeld dat hy die voormelde vorige veroordelings as minder belangrik ag. Met daardie benadering stem ek saam. Waar ek egter respekvol heeltemal van hom verskil is aangaande sy beklemtoning van die erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap ten aansien van aanklag 4 (moord). Dit is weliswaar korrek dat 'n menslike lewe geneem is – 'n helaas onomkeerbare gevolg. Tóg het die verhoorlanddros na my mening gefouteer deur grootliks die unieke (en tragiese) omstandighede van hierdie bepaalde misdryf se pleging buite die oog te verloor. Die appellant het sy beste vriend, wat ook sy neef was, doodgeskiet onder uiters tragiese omstandighede. Dit kan feitlik onomwonde verklaar word dat só iets hom seker nooit weer sal herhaal in die appellant se lewe nie. Hierdie is iets wat die appellant vir die res van sy lewe sal bybly en is 'n juk wat hy altoos sal moet dra.

11.3 Dit ly hoegenaamd geen twyfel nie dat die appellant opreg berouvol is aangaande hierdie tragiese gebeure. 'n Mens moet jou nie blind staar teen sy pleit van onskuldig tydens die verhoor of teen sy onderhawige appél nie. Die appellant het basies al die wesenlike feite erken by sy verhoor – die enigste geskilpunt tydens die verhoor en op appél was bloot maar die kwessie van opset.

4. Myns insiens is die volgende aanduidend van die appellant se opregte berou aangaande die gebeure:

12.1 Sy erkenning van al die wesenlike feite.

12.2 Sy optrede onmiddellik na die skietery en toe hy tot die besef gekom het dat die oorledene beseer is, spreek van 'n ontsettende skuldbesef en berou – sien par. 2.7 hierbo.

12.3 Die appellant het duidelik bewoë geword volgens die oorkonde toe hy getuig het oor die bloed wat hy by die oorledene se kop gesien het ná die skoot. Die verrigtinge moes toe vir 'n wyle verdaag word vir die appellant se onthalwe.

5. Ten tyde van die aanhoor van die appél het die appellant alreeds 2 jaar en 7 maande van sy vonnis uitgedien. Hy is in die verhoorhof gevonniss tot effektiewe gevangenisstraf van 6 ½ jaar (par. 2 *supra*). Gegewe ons bevindinge aangaande die tersydestelling van die skuldigbevindings en vonnisse op aanklagte 2 en 5 is dit slegs die vonnisse op aanklag 3 (6 maande gevangenisstraf) en aanklag 4 (5 jaar gevangenisstraf) wat herooring op appél verg. Ek is die mening toegedaan dat die appellant alreeds genoegsaam geboet het vir sy wandade. Wanneer 'n mens die onderhawige feitesituasie en opgelegde vonnis toets aan die hand van die geykte strafoogmerke, te wete voorkoming, vergelding en rehabilitasie, dan kan ek geen rede hoegenaamd insien waarom die appellant verder in hegtenis moet verkeer nie. Geen oogmerk van straftoemeting word na my mening verwesenlik deur sy voortgesette gevangesetting nie. Soos ek aangedui het, sal die appellant vir die res van sy lewe daarmee moet saamleef dat hy sy neef en beste vriend om

die lewe gebring het. Indirek dus, is dit 'n "*vonnis*" wat hom altyd sal bybly.

6. Gevolglik, vir die redes voormeld, het ons met die opgelegde vonnisse ingemeng soos in die bevel hierbo uiteengesit tot die effek dat die appellant effektiewelik tot 2 ½ jaar gevangenisstraf gevonniss word. Daarmee het ons ten doel dat die appellant dadelik vrygelaat word, inaggenome dat hy nou alreeds die voormelde vonnis uitgedien het.

**SA MAJIEDT
REGTER**

Ek stem saam:

**HJ LACOCK
REGTER**

NAMENS APPELLANT : MNR. A. VAN TONDER
NAMENS RESPONDENT : ADV. T. BARNARD
DATUM VAN VERHOOR : 2005-09-22

UITSpraak op Appél : JONATHAN DE WET v STAAT
Saak nr. : CA 7 R 67\04
MAJIEDT R, LACOCK R